SANTAM-VERKLARING OOR DAG ZERO

Beste Tussenganger

As Suid-Afrika se grootste korttermynversekeraar, doen ons alles in ons vermoë om die impak van Dag Zero op ons kliënte en personeel te verminder. Ons kommunikeer gereeld met ons uitgebreide netwerk van makelaars en kliënte oor onder meer die nodigheid om voorsorgmaatreëls te tref om die moontlikheid van versekerbare risiko’s, soos brandskade,te minimaliseer.

Die impak van versekeringseise wat met die droogte verband hou en voortspruit uit waterbeperkings wat deur die owerhede in Kaapstad en die Wes-Kaap in plek geplaas is, sal hoofsaaklik afhang van die soort(e) dekking wat verskaf is. Oor die algemeen is droogte, waterrantsoenering en die terughouding van water deur die owerhede nie versekerbare risiko’s of gevare nie en word dit dus nie gedek nie. Die uitsondering hierop is Multirisiko-oesversekering wat versekeraars in beperkte bedrae aan boere bied. Dit word gewoonlik saam met haelversekering verpak.

Waar kliënte tipies gedek sal wees, is in die geval van ‘n sekondêre impak, soos byvoorbeeld brand- of vloedskade. Kliënte moet egter voorkomende maatreëls teen sodanige risiko’s tref, veral waar sodanige maatreëls ‘n voorwaarde vir dekking is. Santam beveel dus aan dat, indien dit op hulle van toepassing is, kommersiële kliënte verseker dat hulle:

- hul brandverklik- en/of sprinkelstelsels (insluitend aanjapompe en watertenks)

opdateer en opgradeer om dekking in die geval van ‘n brand te verseker
- elektriese verbindings/loodgieterswerk deur geregistreerde vakmanne voltooi en goedgekeur word
- brandbestrydingstoerusting geëvalueer en getoets word.

Persoonlike kliënte moet van die volgende bewus wees:

- Dat indien Dag Zero aanbreek, hulle seker moet maak dat alle krane in huishoudings toe is. Dit sal moontlike oorstroming voorkom wanneer munisipale water weer aangeskakel word.
- Hulle moet ‘n deskundige op die gebied van swembaddens raadpleeg oor die raadsaamheid om hul swembad leeg te maak. Die leegmaak van swembaddens kan die strukturele integriteit daarvan in gevaar stel, wat ineenstorting tot gevolg kan hê. Indien dit gebeur, sal dit waarskynlik nie deur die meeste versekeringsmaatskappye gedek wees nie. Die beste is om seker te maak dat huishoudings ‘n swembadbedekking gebruik om waterverdamping te minimaliseer.
- Skakel jou warmwatersilinder af. Ons het deskundiges geraadpleeg, wat ons ingelig het dat die aanbreek van Dag Zero geen uitwerking sal hê op ‘n warmwatersilinder wat aan Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde voldoen nie. Dit is egter raadsaam om die warmwatersilinder af te skakel.

Dit is belangrik dat jy as makelaar met kliënte gesels oor enige onsekerhede oor versekeringsverwante aspekte van hul reaksie op hierdie krisis.

In ‘n verdere poging om water te bespaar, fokus Santam daarop om waterverbruik by sy fasiliteite in die Wes-Kaap te verminder. Santam werk saam met die Stad Kaapstad en ander belanghebbendes, insluitend Sanlam, om doeltreffende oplossings by sy kantore te ontwikkel. Dit is daarop gemik om te verseker dat Santam-fasiliteite ‘n voldoende watervoorraad het.

Ons glo dat indien Dag Zero wel aanbreek, die welsyn van ons werknemers en die integriteit van ons fasiliteite nie in gevaar gestel sal word nie.

Santam het verskeie stappe gedoen wat die volgende insluit:

- Die verskaffing van water aan Santam Hoofkantoor uit ‘n boorgat wat tans water aan Sanlam se hoofkantoor voorsien. Water sal daagliks na Santam, Sanlam en Glacier se kantore vervoer word.
- Die installering van ‘n watersuiweringstelsel by die boorgat, wat die water drinkbaar sal maak en hierdie kantore in staat sal stel om met hul normale sakebedrywighede voort te gaan.
- Ons ondersoek ook die moontlikheid om personeellede gedurende die krisis met

waterversameling en ander behoeftes behulpsaam te wees. Sodra ons meer inligting van Stad Kaapstad ontvang, sal ons hieroor kommunikeer met werknemers wat geraak word.

Vriendelike groete

Edward Gibbens
Uitvoerende hoof: Kommersieel en Persoonlik

Bly op datum en volg ons by: